

Vryheid in Christus



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Galasiërs 5:1–15; 1 Korintiërs 6:20; Romeine 8:1; Hebreërs 2:14, 15; Romeine 8:4; 13:8.

Geheeteks:

“Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as ‘n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde” (*Galasiërs 5:13*).

In Galasiërs 2:4 verwys Paulus kortliks na die belangrikheid daarvan om die “vryheid” wat ons in Christus Jesus het, te beskerm. Maar wat bedoel Paulus as hy van “vryheid” praat, wat hy so dikwels doen? Wat sluit hierdie vryheid in? Hoe ver gaan hierdie vryheid? Het dit enige perke? En watter verbintenis het vryheid in Christus met die wet?

Paulus spreek hierdie vrae aan deur die Galasiërs op twee gevare te wys. Die eerste is wettiesheid. Paulus se opponente in Galasië was so vasgevang in hulle pogings om God se guns te verdien, dat hulle die vrymakende aard van Christus se werk uit die oog verloor het, asook die verlossing wat alreeds deur geloof in Christus bestaan. Die tweede bedreiging is die neiging om die vryheid wat Christus vir ons gekoop het, te misbruik deur in losbandigheid te verval. Diegene wat hierdie siening handhaaf, neem verkeerdelik aan dat vryheid antities tot die wet staan.

Beide wettiesheid en losbandigheid is in teenstelling met vryheid, want hulle hou hulle navolgers vasgevang in ‘n vorm van slawerny. Paulus se oproep aan die Galasiërs is egter om vas te staan in die ware vryheid wat hulle regmatig besit in Christus.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 9 September.*

Christus het ons vrygemaak

“Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid (“slawejuk” - AFR83) bring nie” (Gal. 5:1).

Soos die militêre leier ‘n bemoedigende opdrag aan sy wankelende manskappe gee, moedig Paulus die Galasiërs aan om nie hulle vryheid in Christus op te gee nie. Die kragtigheid en intensiteit van die toon van Paulus se woorde wil byna van die bladsy af spring en tot aksie oorgaan. Trouens, dis blykbaar presies wat Paulus in gedagte gehad het. Alhoewel hierdie vers tematies aansluit by die voorafgaande deel en dit wat daarop volg, staan hierdie vers uit soos ‘n groot advertensiebord langs die pad weens die kortaf manier daarvan, en die gebrek aan sintaktiese verbindinge in die Griekse taal. Paulus se totale redenasie is vryheid in Christus, en die Galasiërs het die gevaar geloop om dit prys te gee.

Lees Galasiërs 1:3, 4; 2:16; en 3:13. Wat is sommige van die metafore wat in hierdie verse gebruik word, en hoe help dit ons om te verstaan wat Christus vir ons gedoen het?

Paulus se woorde “in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het” kan suggereer dat hy ‘n ander metafoor hier in gedagte het. Die bewoording in hierdie frase is soortgelyk aan die formule wat gebruik word in die heilige vrylating (manumissie) van slawe. Omdat slawe geen wettige regte gehad het nie, is dit veronderstel dat ‘n godheid hulle vryheid sou kon koop, en in ruil daarvoor sou die slaaf, alhoewel algeheel vry, wettig aan die god behoort. Natuurlik was hierdie proses in werklikheid net fiksie; dit was die slaaf wat die geld in die tempelskatkis betaal het vir sy of haar vryheid. Dink as voorbeeld aan die volgende: die voorskrif wat gebruik is in een van die bykans duisend inskrywings van die tempel vir die Pythiese Apollo (sy priesteres of profetes – vertaler) in Delphi, wat gedateer is 201 v.C. tot 100 n.C.: “ ‘Vir vryheid, koop Apollo, die Pythiese, van Sosibus van Amfissa, ‘n vroulike slaaf wie se naam Nicea is . . . Hierdie aankoop is egter gedoen om Nicea se vryheid van Apollo te bekom.’ ”—Ben Witherington III, *Grace in Galatia* (Grand Rapids, Mich.: William B. Eerdmans Publishing Company, 1998), p. 340 – vry vertaal. Hierdie voorskrif toon ‘n basiese ooreenkoms met Paulus se terminologie, maar daar is ‘n grondliggende verskil. In Paulus se metafoor is daar geen fiksie betrokke nie. Ons het nie die loskoopprys self betaal nie (*1 Kor. 6:20, 7:23*). Die prys was veels te hoog vir ons. Ons was magteloos om onself te verlos, maar Jesus het ingetree en vir ons gedoen wat ons nie self kon doen nie (ten minste nie sonder om ons lewens te verloor nie). Hy het die straf vir ons sondes betaal, en ons dus vrygemaak van veroordeling.

Kyk na jou eie lewe. Dink jy dat jy ooit jousef sal kan red? Wat behoort jou antwoord jou te vertel hoe dankbaar jy behoort te wees vir wat ons in Jesus gegee is?

Die aard van Christelike vryheid

Paulus se opdrag om vas te staan in vryheid word nie in isolasie gemaak nie. ‘n Belangrike feitestelling gaan dit vooraf: “Christus het ons vrygemaak” (AFR83). Waarom behoort Christene vas te staan in hulle vryheid? Omdat Christus hulle alreeds vrygemaak het. Met ander woorde, ons vryheid is ‘n gevolg van wat Christus reeds vir ons gedoen het. Hierdie patroon van feitestellings waarop ‘n vermaning volg, is tipies aan Paulus se briewe (*1 Kor. 6:20; 10:13, 14; Col. 2:6*). Paulus maak byvoorbeeld talle aanduidende stellings in Romeine 6 oor die feite van ons toestand in Christus, soos: “Aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is [met Hom]” (Rom. 6:6). Op die basis van hierdie feit kan Paulus dan die opdraggewende vermaning rig: “Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie” (Rom. 6:12). In werklikheid is dit Paulus se manier om te sê: “Word wat julle alreeds in Christus is.” Die etiese lewe van die evangelie hou nie die las voor om te probeer om dinge te doen om sodoende te bewys dat ons God se kinders is nie. Ons doen eerder dit wat ons doen, omdat ons reeds Sy kinders is.

Waarvan het Christus ons vrygemaak? Rom. 6:14, 18; 8:1; Gal. 4:3, 8; 5:1; Heb. 2:14, 15.

Die gebruik van die woord vryheid om die Christelike lewe te beskryf is meer prominent in Paulus se briewe as op enige ander plek in die Nuwe Testament. Die woord vryheid en sy verwante verskyn 28 keer in Paulus se briewe, in teenstelling met slegs sowat 13 keer elders.

Wat bedoel Paulus met vryheid? Eerstens is dit nie slegs ‘n abstrakte begrip nie. Dit verwys nie na politieke vryheid, ekonomiese vryheid, of die vryheid om te leef soos jy lus is nie. Trouens, dis ‘n vryheid wat gegrond is in ons verhouding met Jesus Christus. Die konteks suggereer dat Paulus na vryheid van slawerny verwys en veroordeling onder ‘n wetsgedrewe Christendom, maar ons vryheid sluit baie meer in. Dit sluit vryheid van sonde in, die ewige dood, en die duivel. “Buite Jesus Christus is die menslike bestaan gekenmerk deur slawerny – slawerny van die wet, slawerny van die bose elemente wat die wêreld oorheers, slawerny van sonde, die vlees, en die duivel. God het Sy Seun na die wêreld gestuur om die oorheersing van hierdie slawe-houvas te verbreek.”—Timothy George, *Galatians*, p. 354 – vry vertaal.

Aan watter dinge in die lewe voel jy gebonde? Memoriseer Galasiërs 5:1 en vra God om die vryheid wat jy in Christus het, ‘n realiteit in jou lewe te maak.

Die gevaarlike gevolge van wettiesheid (Gal. 5:2–12)

Die wyse waarop Paulus Galasiërs bekendstel, is ‘n aanduiding van die belangrikheid van wat hy gaan sê: “Kyk” (AFR53), “Kom ek sê reguit” (DB), “Ek sê nou vir julle” (ABA). Paulus maak nie grappies nie. Met die sterk gebruik van die woord kyk roep hy nie slegs sy aanhoorders se volle aandag op nie, hy maak selfs ‘n beroep op sy apostoliese gesag. Hy wil hê dat hulle moet weet, as die heidene hulle aan die besnydenis onderwerp om verlos te word, moet die Galasiërs besef wat die gevaarlike gevolge van hulle besluit gaan wees.

Lees Galasiërs 5:2–12. Waarteen waarsku Paulus in verband met die hele vraagstuk rondom die besnydenis?

Die eerste gevolg om te poog om God se guns te verdien deur die besnydenis, is dat dit ‘n persoon verplig om die hele wet te onderhou. Paulus se taal in verse 2 en 3 sluit ‘n interessante woordspeling in. Christus, sê hy, sal nie tot hulle voordeel wees nie (opheleseï); hulle sal eerder ondergeskik aan die wet wees (opheiletēs). Indien ‘n persoon volgens die wet wil leef, kan hy of sy nie bloot kies watter voorskrifte hulle wil onderhou nie. Dit is alles of niks.

Tweedens sal hulle van Christus “afgesny” wees. ‘n Besluit om deur werke geregverdig te word, behels terselfdertyd ‘n verwerping van God se manier van regverdigmaking in Christus. Jy kan nie albei hê nie. Dit is onmoontlik om Christus te ontvang, en daarby te erken jy dat jy nie jouself kan red nie, en dan die besnydenis ontvang, waarmee jy dan verklaar dat jy wel jouself kan red.”—John R. W. Stott, *The Message of Galatians* (Leicester, England: InterVarsity Press, 1968), p. 133 – vry vertaal. Paulus se derde beswaar teen besnydenis is dat dit geestelike groei verhinder. Sy vergelyking is van ‘n hardloper wie se vordering naby aan die eindstreep doelbewus gesaboteer word. Trouens, die woord “verhinder” in vers 7 is juis in militêre kringe gebruik om te verwys na “die opbreek van ‘n pad of die vernietiging van ‘n brug of om struikelblokke in die pad van die vyand te plaas, sodat sy vooruitgang gestuit kan word.”—*The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 978 – vry vertaal.

Laastens, besnydenis verwyder die skande van die Kruis. Hoe? Die boodskap van besnydenis impliseer dat jy jouself kan red; en sodanig is dit gerusstellend vir die mens se trots en eer. Die boodskap van die Kruis is egter afstootlik vir die menslike eer, want ons moet erken dat ons ten volle van Christus afhanklik is. Paulus is so kwaad vir hierdie mense wat op die besnydenis aandring, dat hy wens die mes wil glip en hulle hulself kastreer! Dis sterk woorde, maar Paulus se toon weerspieël doodeenvoudig hoe ernstig hy hierdie siening beskou.

Vryheid, nie losbandigheid nie (*Gal. 5:13*)

Galasiërs 5:13 is ‘n belangrike keerpunt in die boek van Galasiërs. Tot op hierdie punt het Paulus geheel en al gefokus op die teologiese inhoud van sy boodskap, maar nou vestig hy die aandag op Christelike gedrag. Hoe moet ‘n persoon leef wat nie deur die werke van die wet verlos is nie?

Teen watter potensiële misbruik van vryheid wou Paulus die Galasiërs beskerm? *Gal. 5:13*.

Paulus was deeglik bewus van die potensiële misverstand wat gepaardgegaan het met sy klem op die genade en die vryheid wat sy gelowiges in Christus het (Rom. 3:8; 6:1, 2). Die probleem was egter nie Paulus se evangelie nie, maar die menslike neiging tot selfbevrediging. Die bladsye van die geskiedenis is vol verhale van mense, stede, en volke wie se korrupsie en verval in morele chaos direk toegeskryf kan word aan hulle gebrek aan selfbeheersing. Wie het nog nooit hierdie neiging in hulle eie lewe gevoel nie? Dit is waarom Paulus die volgelinge van Jesus so duidelik vra om die begeerlikhede van die vlees te vermy. Trouens, hy wil hê dat hulle die teenoorgestelde moet doen, naamlik: “Dien mekaar deur liefde.” Soos enigeen weet, wat ander uit liefde dien, dit kan slegs gedoen word deur die dood van self, deur die dood van die vlees. Diegene wat hulle eie vleeslike genot soek, is nie diegene wat graag ander dien nie. Dus is ons vryheid in Christus nie slegs vryheid van gevangenskap van die wêreld nie, maar ook ‘n oproep tot ‘n nuwe soort diens, die verantwoordelikheid om ander uit liefde te dien. Dit is “die geleentheid om die naaste lief te hê sonder voorbehoud, die moontlikheid om menslike gemeenskappe te stig wat geskoei is op wedersydse self-gee, eerder as die soeke na mag en status.”—Sam K. Williams, *Galatians* (Nashville, Tenn.: Abingdon Press, 1997), p. 145 – vry vertaal. As gevolg van ons bekendheid met die Christendom en die woorde van moderne vertalings van Galasiërs 5:13, is dit maklik om die verbysterende krag van hierdie woorde aan die Galasiërs mis te kyk. Eerstens dui die Griekse taal aan dat die liefde wat hierdie soort diensbaarheid motiveer, nie gewone menslike liefde is nie – dit sou onmoontlik wees, want menslike liefde is geheel en al te voorwaardelik. Paulus se gebruik van die lidwoord (die) voor die woord liefde in Grieks, is ‘n aanduiding dat hy na “die” goddelike liefde verwys wat ons slegs deur die Gees ontvang (*Rom. 5:5*). Die werklike verrassing lê in die feit dat die woord wat as “dien” vertaal word, die Griekse woord vir “slawerny” is. Ons vryheid is nie vir self-outonomie nie, maar wedersydse “slawerny” (ook: diensbaarheid) aan mekaar, gebaseer op God se liefde.

Wees eerlik: het jy al ooit daaraan gedink dat jy die vryheid in Christus kan gebruik om so ‘n bietjie hier en daar aan sonde toe te gee? Wat is so sleg aan hierdie soort redenasie?

Vervul die hele wet (*Gal. 5:13–15*)

Hoe versoen jy Paulus se negatiewe kommentaar oor “onderhouding van die hele wet” (*Gal. 5:3*) met sy positiewe stelling oor die “vervulling van die hele wet” (*Gal. 5:14*)? Vergelyk *Rom. 10:5*; *Gal. 3:10, 12*; *5:3* met *Rom. 8:4*; *13:8*; *Gal. 5:14*.

Baie sien die kontras tussen Paulus se negatiewe kommentaar oor die “onderhouding van die hele wet” en sy positiewe bewering oor “vervulling van die hele wet” as paradoksaal. Dit is nie werklik nie. Die oplossing lê in die feit dat Paulus doelbewus elke frase gebruik om ‘n belangrike onderskeid te tref tussen die twee wyses waarop die Christelike gedrag in terme van die wet gedefinieer word. Byvoorbeeld, dit is betekenisvol dat wanneer Paulus na die positiewe aspek van Christelike onderhouding van die wet verwys, hy dit nooit beskryf as “doen die wet” nie. Hy reserveer hierdie frase om alleen te verwys na die misleidende gedrag van diegene wat onder die wet leef en wil poog om God se goedkeuring te verdien deur die opdragte van die wet te “doen”. Dit impliseer hoegenaamd nie dat diegene wat verlossing in Christus ontvang het nie gehoorsaam is nie. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Paulus sê dat hulle die wet “vervul”. Hiermee bedoel hy dat ware Christelike gedrag meer is as net die sigbare optrede en gehoorsaamheid deur die wet te “doen”; dit “vervul” die wet. Paulus gebruik die woord vervul omdat dit verder gaan as om net “te doen”. Hierdie soort gehoorsaamheid is geanker in Jesus (*lees Matt. 5:17*). Dit is nie ‘n versaking van die wet nie, en ook nie ‘n vermindering van die wet om net lief te hê nie, maar dit is die weg waardeur die gelowige die ware bedoeling en betekenis van die hele wet kan ondervind!

Waar, volgens Paulus, word die volle betekenis van die wet gevind? *Lev. 19:18*; *Mark. 12:31, 33*; *Matt. 19:19*; *Rom. 13:9*; *Jak. 2:8*.

Alhoewel dit ‘n aanhaling uit Levitikus is, is Paulus se stelling in Galasiërs uiteindelik geanker in Jesus se gebruik van Levitikus 19:18. Jesus was eger nie die enigste Joodse onderwyser om na Levitikus 19:18 as ‘n samevatting van die hele wet te verwys nie. Rabbi Hillel, wat ongeveer ‘n generasie voor Jesus geleef het, het gesê: “Wat vir jou haatlik is, moet dit nie aan jou naaste doen nie; dit is die hele wet.” Maar Jesus se perspektief was radikaal verskillend (*Matt. 7:12*). Dis nie slegs meer positief nie, dit bewys ook dat wet en liefde nie onversoenbaar is nie. Sonder liefde is die wet koud en leeg; sonder wet het die liefde geen rigting nie.

Wat is makliker, en waarom: om ander lief te hê, of om eenvoudig die Tien Gebooe te gehoorsaam? Bespreek julle antwoorde in die klas.

Verdere leeswerk:

“Opregte geloof werk altyd met liefde. Wanneer jy na Golgota kyk, is dit nie om jou siel stil te maak in die nie-uitvoering van diens nie, of om jouself aandie slaap te sus nie, maar om geloof in Jesus op te wek, geloof wat sal werk, wat die siel sal suiwer van die slik van selfsugtigheid. Wanneer ons van Christus besit neem deur geloof, het ons werk maar net begin. Elke mens het bedorwe en sondige gewoontes wat oorkom moet word deur kragtige strydvoering. Elke siel het nodig om die stryd van geloof te stry. As iemand ‘n volgeling van Christus is, kan hy nie oneerlik wees, of hardvogtig, of sonder simpatie nie. Hy kan nie kwaadpraat nie. Hy kan nie opgeblaas en selfvoldaan wees nie. Hy kan nie aanmatigend en trots wees nie, of skelwoorde gebruik, kritiseer en veroordeel nie. “Die liefdeswerk spruit voort uit die werk van geloof. Bybel-godsdiens beteken voortdurende werk. ‘Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.’ ‘Werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.’ “Al is dit waar dat ons besige aktiwiteite op sigself nie verlossing sal verseker nie, is dit ook waar dat geloof, wat ons met Christus verenig, die siel sal aanspoor tot aktiwiteit (MS 16, 1890).”—Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 1111 – vry vertaal.

Vrae om te bespreek:

- 1. Gaan weer deur die antwoorde op die laaste vraag van Donderdag se lesstudie. Watter opsie het die meeste mense makliker gevind, en waarom? Watter belangrike waarhede bring jou antwoord na vore oor wat dit beteken om die wet te vervul?**
- 2. Paulus sê dat geloof deur liefde “werk”. Wat bedoel hy daarmee?**
- 3. Ondersoek die idee om te kyk hoe jy jou vryheid in Christus kan gebruik om aan sonde toe te gee. Waarom is dit so maklik om te doen? Wanneer mense egter só redeneer, in watter strik val hy of sy? (*lees 1 Joh. 3:8.*)**

Samevatting:

Vryheid is een van Paulus se gunstelingwoorde om die evangelie te omskryf. Dit sluit in wat Christus vir ons gedoen het om ons vry te maak van die slawerny van die wêreld, en ook die wyse waarop ons geroep is om die Christelike lewe te lei. Ons moet egter waaksaam wees, dat ons vryheid nie onderwerp word aan wettiesheid of losbandigheid nie. Christus het ons nie vrygemaak sodat ons onself kan dien nie, maar sodat ons ons lewens kan gee in diens aan ons naaste.

